**13 April** **Skrifgedeelte: Matteus 27:45-56; Psalm 22**
**Fokusgedeelte: Matteus 27:46**

## Verlaat deur die Vader

Jesus het Homself verneder deur in die gestalte van 'n slaaf aarde toe kom (Fil 2:7), maar teen die einde het sy lyde baie verdiep. Die hele verhoor en gespot was maar net 'n wrede voorspel van dit wat Hy aan die kruis beleef het. Die noodkreet van Jesus verbyster 'n mens. Wat beteken dit om werklik deur God verlaat te wees? Ons sal die diepte daarvan nooit kan peil nie! Die sondelose Jesus is deur God in ons plek as sondaar behandel (2 Kor 5:21).

Sondeskuld bring altyd skeiding tussen ons en God. Dit loop uit op die ewige verdoemenis – daar waar God nie is nie! Dit is die lot wat op mense wag wat hulle nie in 'n opregte geloof aan God oorgee nie (Joh 15:6; Matt 13:42). Wat 'n wonderlike voorreg het ek en jy, sondige mense wat glo, dat Jesus die helse smarte vir ons gedra het!

*Sing: Skrifberyming5-1:4, 6* *Ds. APC Duvenage (Emeritus)*